GEREFORMEERDE KERK WONDERBOOMPOORT

Kantoorure: Maandag, Donderdag, Vrydag
07:30 tot 13:30

Kerkkantoor – 012 565 6220
Faksnommer – 086 509 3824
kantoor@gkwonderboompoort.org
www.gkwonderboompoort.org

KONTAK Jaargang 22 9 Desember 2018

OGGENDDIENS (09:00)

Lees: Markus 4:26-34

Sing: Ps. 92:1,6,7
Ps. 6:1,2,3
Ps. 87:1,2
Ps. 127:1,2
Ps. 72:1,4,9

Tema: Net so goed gee Hy dit aan sy beminde in die slaap!

Die Here Jesus vertel in ons Skriflesing twee gelykenisse wat handel oor die groei van die koninkryk van die hemele:

- Die Here Jesus vergelyk die koninkryk van die hemel met die saai van saad. Nadat die saad gesaai is, gaan slaap jy. En op sy tyd gee die Here die groei.
- Hy vergelyk ook die koninkryk van die hemel met 'n mosterdsaad. Dis 'n baie klein saadjie – maar dit groei en word groter as al die ander.

Liturg: Ds Pieter le Roux
Orrelis: Lydia Zeevaart

Offergawes onder die diens:
Werksaamhede van die diakonie

AANDDIENS (18:00)

Lees: Sagaria 8
Teks: Sagaria 8:20-23

Belydenis: NGB Artikel 28

Sing: Ps. 116:1,8,10
Ps. 84:1,2,5
Ps. 42:1,2
Ps. 122:1,2

Tema: Die gelowige se plig om aan te sluit by die kerk

- Wanneer iemand in Jesus Christus glo, word God sy/haar Vader.
- Wanneer hy/sy 'n Vader in die hemel het, dan word die Vader se ander kinders jou broers en susters.
- Geloof is dus nie privaat nie: Ek kan nie sê ek wil die Vader hê, maar niks met sy ander kinders nie. As Hy my Vader is, is ek deel van sy huisgesin.

Liturg: Ds Pieter le Roux
Orrelis: Karien Krüger

Offergawes onder die diens:
Werksaamhede van die diakonie

KOLLEKTES BY DIE DEURE

Vandag: **Kerkkas**	Instandhouding van die erediens.
Volgende Sondag: **GKSA Sustentasie**	Om kerke wat nie finansieel onafhanklik kan bestaan nie by te staan sodat die Woordverkondiging steeds daar kan voortgaan en om nuwe voorposgemeentes te stig waar die Woordverkondiging dringend noodsaaklik is.

DANKOFFERS

ABSA Bank 632005	Kerkkas	Susters	Sending	Koningskinders	FNB 251045	Diakonie
	060 3400 64	060 3400 72	060 1883 00	9 276 253 131		625 8354 5862

- **Kontantbydraes** – Koeverte is by die deure beskikbaar. U kan dit in die dankofferkassie by die uitgangdeur by die preekstoel of in die kollektesakkie plaas.
- **EFT betalings** – Kontak asseblief die kerkkantoor om 'n unieke verwysingsnommer te bekom wanneer u u dankoffer elektronies oorplaas.

- **Debietorders** – U kan 'n debietordervorm by die kantoorkiosk in die kerksaal afhaal, invul en in die kassie by die kiosk pos.

GEMEENSKAP VAN GELOWIGES

Verjaarsdae

9 Des	Jonge Br. Franco van Deventer	012 3300384	
9 Des	Jonge Sr. Tina van Deventer	012 3300384	
11 Des	Sr. Anna-Marie du Plooy	079 874 6842	
12 Des	Br. Rendert Drenth	012 542 3640	082 415 9906
12 Des	Jonge Sr. Ester van Deventer	012 3300384	
13 Des	Sr. Liza Smit	076 466 6415	
13 Des	Br. Henk-Jan Visser	012 565 6337	082 968 1808
14 Des	Sr. Este Lubbinge	079 500 7189	
15 Des	Br. Stef Kruger	082 875 6708	

Lief en leed

- Sr. Louise Roos steeds in die hospitaal nadat 'n bloedklont geïdentifiseer is. Ons bid haar sterkte toe met die lang hospitalisasie! Tel. 083 227 5170
- Dit gaan reeds heelwat beter met Lien Struwig na haar hartomleiding. Sy gaan in hierdie week vir die opvolgbesoek. Sterkte Lien! Tel. 082 370 5169
- Pieter Bos het die week 'n katarak-operasie ondergaan. Hy sterk tuis aan. Baie sterkte! Tel. 083 655 2939

SUSTERSAKE

Skinkbeurt vandag	Tulpe
Bestuurslid:	Kariena Smit
Wyksuster wyk 9:	Ida van de Wetering
Wyksuster wyk 14:	Carmin Smith
Wyksuster wyk 16:	Retha Bos

Alet du Plessis, Eelkje Visser, Maggie Breedt, Cathy du Toit, Nakkie Snyman, Janie Hickman, Louise Pretorius, Rita Boshoff, Belinda Bateman, Esmari Bennemeer, Alicia Vos, Helena Venter, Liza Smit.

Volgende Sondag	Angeliere
Bestuurslid:	Karyna le Roux
Wyksuster wyk 8:	Anita Jordaan
Wyksuster wyk 12:	Kittie Kok

Dolly Beukes, Ria van der Merwe, Annemarie van Staden, Elize le Roux, Rika Olckers, Bettie van Wyk, Tina Vorster, Elize Pretorius, Inga Olckers, Mandi Opperman.

Sustersafsluiting. Dankie vir almal wat gister se sustersafsluiting bygewoon het.

OP DIE POORTPLAAS

- **Koningskinders kamp** Die Koningskinderskamp skop in die week af. Skenkings kan vandag nog in die kombuis geplaas word of in die week teen Dinsdag (oggende) by die kerkkantoor afgegee word. Die sakkie of houer moet asseblief duidelik gemerk wees dat dit vir die Koningskinders is. By voorbaat dank, u broeder in Christus, Quartus. Indien u enige navrae het, kontak gerus vir Quartus Malan of Jaco Pretorius.
- **Biblioteek sake** 'n Vriendelike versoek vir al die lidmate wat boeke geleen het om dit hierdie maand terug te besorg! Die wat nog lees kom en hernu die boek vir nog 'n maand.
- **Redigering van klankopnames** Die Kommunikasiekommissie benodig hulp met die verwerking van die klankopnames van die preke sodat dit ook op die webblad gepubliseer kan word. Dit behoort nie langer as 10 min per preek te vat nie. Laat asb vir Francois weet by 0723428528 indien u wil help hiermee.

Geloftefees vertelling. Sondag, 16 Desember 2018 by ons gemeente. Die erediens word deur deur Ds. Pieter le Roux gelei waarna die Bloedriviergelofte van 1838 herbevestig word. Ons wil reformerend optree ten opsigte van ons volksgeskiedenis deur na die erediens, die Gelofte-geskiedenis só aan ons kinders en kleinkinders te vertel, dat die roem en eer aan die HERE gegee sal word.

Onthou asb. u eie stoele, sambrele, piekniekmandjie, eetgerei en koeldrank, indien u saam onder die koeltebome wil piekniek hou. (Indien dit reën, kom ons in die kerk/saal byeen.) Diegene wat tradisionele Voortrekkerdrag besit, kan dit aantrek as hulle wil.

Finansies: Die vertelling van die Geloftegeskiedenis word gereël deur 'n groep vriende, dus bestaan daar geen infrastruktuur nie. Daar is uitgawes by die reël van hierdie vertelling betrokke, dus sal 'n sagtekollekte voor die Geloftevertelling gehou word.

D●PPERD●TTE

NUWE INTREKKERS	**WORD VERSOEK OM NA DIE EREDIENS BY DIE KANSEL AAN TE MELD. EEN VAN DIE DIAKENS SAL U DAAR ONTMOET.**
TOEGANG TOT TERREIN TYDENS EREDIENS	**NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT, INDIEN U DIE TERREIN TYDENS DIE EREDIENS MOET VERLAAT OF LAAT IS, DIE OOPSKUIFHEK AAN DIE SAAL SE KANT OOPGESLUIT IS.**
GEMEENTE WEBTUISTE	**JY KAN PREKE, ARTIKELS, INLIGTING OOR DIE SUSTERS, ENS. OP DIE WEBTUISTE AFLAAI. GAAN BESOEK DIT GERUS BY http://gkwonderboompoort.org/**
MOEDERSKAMER EN OUERS MET KLEUTERS	**DAAR IS TWEE MOEDERSKAMERS OM TE GEBRUIK: EEN IN DIE VOORPORTAAL EN EEN AGTER DIE KONSISTORIE (WAT DEUR BORSVOEDENDE MOEDERS GEBRUIK WORD).** **DIE AGTERSTE DRIE RYE BANKE IN DIE KERKGEBOU WORD GERESERVEER VIR OUERS MET KLEUTERS.**
NUUSBRIEF	**NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT DIE AFSNYTYD VIR INDIEN VAN BERIGTE DONDERDAGMIDDAG 13:00 IS.**
BROODJIESAAND	**DIE GEMEENTE BRING ELKE EERSTE SONDAG VAN DIE MAAND BROODJIES OM NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS SAAM 'N KOPPIE KOFFIE OF TEE TE GENIET.**

DAGBOEK

Sondag **9 Desember**	08:55 – Samesang vooraf. 09:00 – Oggenddiens. 17:55 – Samesang vooraf. 18:00 – Aanddiens.
Woensdag **12 Desember**	Koningskinderskamp begin.
Sondag **16 Desember**	10:00 – 11:00 Geloftefees vertelling na die erediens.
Dinsdag **25 Desember**	09:00 – Kersdag. Gesamentlike erediens met GK Akasia, Pretoria-Noord en Rooiwal.

Vakansiepret! Sodat julle grysstof nie roes van al die see- en swembadwater nie!

	Wanneer die getye uitgaan		½ van 12			Speel tennis hiermee			Die koning se dogter
	'n Meubelstuk om op te sit		So soet soos ____						
		Klein insek op 'n kat	Maak so met graaf in grond						
	Sagte vrug (boue klein pitjies)			Gedeelte van boom bo grond					
	Hy maak mense gesond				Meer as een boom			Noord, ____ oos, wes	
	Dit maak mens siek		Die einde			Ek en jy			
	Sy dra klere om te vertoon								

Handjies klap, ...!